STEPHAN PETER WHITEHEAD VERKLAAR ONDER EED:

Ek is 'n Luitenant in die S.A. Polisie gestasioneer te John Vorsterplein. Ek is vir die afgelope 5 jaar verbonde aan die Veiligheidspolisie te John Vorsterplein . Ek ondersoek hoofsaaklik arbeidsaangeleenthede. Asgevolg van my pligte in die Veiligheidspolisie het ek o.a. met die oorledene Dr. Neil Aggett te doen gekry.

Op 81-12-21 was ek 'n lid van 'n span ondersoekers wat aangestel was om ondersoek in te stel na Dr. Neil Aggett se bedrywighede en verbintenis met die ANC en SACTU.

Kapt. Naude verbonde aan die Veiligheidspolisie was in bevel van di span wat Dr. Aggett ondervra het. Op die betrokke datum toe ek aangesluit het by die span was Dr. Aggett alreeds deur kapt. Naude en ander lede in die verband ondervrae.

Die ondervraging was in een van die Veiligheidskantore op die 10de Vloer te John Vorsterplein.

Ek kan nie onthou hoe lank Dr. Aggett die betrokke dag ondervrae was nie, want ek was nie vir die volle tydperk wat hy ondervrae was teenwoordig nie. Hy was sommige tye deur ander lede van die ondervragingspan ondervrae.

Dr. Neil Aggett was aangehou in die polisieselle te John Vorsterple Indien ons hom wou ondervrae het ons hom laat haal uit die polisieselle en na die veiligheidskantore laat bring.

Op die 81-12-21 was Dr. Aggett om 09h20 uit die selle geneem en terug geplaas in die selle om 15h30.

Gedurende die periode wat dr. Aggett in die veiligheidskantore was was hy nie voortdurend ondervrae nie. Die gebruik is dat sekere vrae i.v.m. ANC en SACTU bedrywighede aan dr. Aggett mondelings gevra word en dat hy dan sy antwoorde daarop, op skrif stel.

Die betrokke dag was die gewone prosedure gevolg. Dr. Aggett het sy ontbyt saam gebring en was toegelaat om dit op sy eie tyd te nuttig.
Met tye wanneer die veiligheidspersoneel met tee bedien was, was tee ook aan Dr. Aggett voorsien.

Middagete was ook aan Dr. Aggett voorsien wat hy op sy eie en in sy eie tyd genuttig het.

Gedurende so 'n ondervraging word geen dwang of dreigemente teenoor die ondervraagde uitgeoefen nie. Vrae word slegs aan die ondervraagde gevra en dit staan hom vry om daarop te antwoord en indien hy dit wel beantwoord, dit te antwoord soos hy verkies. Die antwoorde wat deur 'n ondervraagde verstrek word, word daarna eers deur die ondervragingspan studeer. Indien die antwoorde nie bevredigend is nie, word daar by die volgende geleentheid verdere vrae gestel.

Daar was altyd 'n tafel en 'n stoel tot Dr. Aggett se beskikking waa hy gesit het om sy antwoorde op te stel. Dr. Aggett het soms gekla dat sy rugseer is, hy het dan dikwels van die stoel opgestaan en rond beweeg om sy rugpyn te verlig.

Die hele ondervragings proses was altyd in 'n gemoedelike stemming en dr. Aggett het nooit gekla of beswaar gemaak teen die metode van ondervraging nie. Dr. Aggett was 'n roker. Soms het hy van sy eie sigarette gerook maar daar was tye dat hy nie van sy eie

144



sigarette gehad het om te rook nie, daar was dan gereeld sigarett aan hom verskaf deur lede van die ondervragingspan en deur myself

Ek kan onthou dat ek by twee geleenthede vir hom 'n pakkie sigarette uit my eie sak gekoop het. Ek is nie seker nie maar ek dink dit was Chester Field of Texan sigarette.

Ek kan onthou dat ek op Kersdag nadat my familie hulle kersmaal genuttig het, het ek 'n bord met kouevleise gepak en dit persoonli vir Dr. Aggett geneem. Hy was baie ingenome met die ete en het my bedank daarvoor. Hy het terselfdertyd gekla dat hy nie vuurhoutjies het nie, ek het toe ook gereël dat hy vuurhoutjies kry.

Op 81-12-22 was Dr. Aggett weer om 08h20 uit die selle geneem vir ondervraging en terug geplaas om 15h20. Dieselfde prosedure met ondervragings was op hierdie dag gevolg.

Op 81-12-23 was Dr. Aggett weer om 09h25 uit die selle geneem en terug geplaas om 15h30. Dieselfde prosedure met ondervraging was weer gevolg.

23/12 Yvette

Dieselfde dag ongeveer 10h00 was Dr. Aggett in die veiligheidskantore deur mej. Yvette Breytenbach besoek. Ek ken nie vir mej. Breytenbach nie. Ek het haar daardie dag vir die eerste keer gesien. Haar besoek aan Dr. Aggett was deur kapt. van Rensburg ook van die veiligheidspolisie gereël.

Ek was teenwoordig toe mej. Breytenbach die vertrek inkom, en ook die hele tyd wat sy hom besoek het. Die besoek het vir ongeveer 'n halfuur geduur.

Toe mej. Breytenbach inkom het Dr. Aggett opgespring en hy en mej. Breytenbach het mekaar omhels.

Dit was vir my duidelik dat hulle mekaar baie goed ken en selfs ook verliefdes kan wees.

Na die omhelsing oor was het Dr. Aggett agter sy lessenaar gaan sit. Mej. Breytenbach het langs hom gaan sit sodat hulle knie knoppe aanmekaar geraak het. Die hele tyd het hulle mekaar se hande bouvas. Vanwaar ek gesit het kon ek duidelik elke woord van hulle gesprekke volg.

Die gesprekke het hoofsaaklik gegaan oor huishoudelike aangeleenthede en vriende. Dr. Aggett het gedurende die gesprek aan mej. Breytenbach gesê dat hy 'n groot sel het en dat hy baie goed behandel word. Dr. Aggett het ook aan haar gevra wie na sy huis kyk.

Mej. Breytenbach het gesê dat sy die sleutel het en dat sy daarna kyk. Mej. Breytenbach het dieselfde dag vir Dr. Aggett boeke en ko gebring.

Dr. Aggett het ook vir mej. Breytenbach gevra om vir hom skoon klere te bring. Sy het ingestem om dit te doen.

Dr. Aggett wou toe aan mej. Breytenbach verduidelik van die groot saak. Voordat hy daarop kon uitwei het ek hom stilgemaak.

Nadat mej. Breytenbach weg is het Dr. Aggett aan my verduidelik da sy net 'n goeie vriendin van hom is.

145

Op 81-12-24 was Dr. Aggett weer uit geneem uit die selle om 09h15 en terug geplaas om 12h40. Die ondervraging was weer op dieselfde trant gewees. Weens die Kersdag wat op hande was, was die ondervraging op 'n baie gemoedelike trant.

Op 81-12-28 was Dr. Aggett weer 08h56 uit die selle geneem en terug geplaas om 15h70. Dieselfde prosedure was weer gevolg. Vrae was wee aan hom gevra en hy het sy antwoorde skriftelik verstrek.

Op 81-12-29 was Dr. Aggett weer om 08h30 uit die selle geneem en terug geplaas om 14h00. Weereens was dieselfde prosedure gevolg.

Op 81-12-30 was Dr. Aggett uit die selle om 11h30 geneem en teruggeplaas om 12h51.

Op die betrokke dag was Dr. Aggett geensins ondervrae nie. Hy het di volle tyd gebruik om sy verklarings uit te skryf.

Dr. Aggett het die verklaring self in sy eie handskrif geskryf.

Op 82-01-04 was Dr. Aggett weer om 10h00 uitgeneem en terug geplaas in selle om 15h50.

why?

Op die dag het Dr. Aggett sy geskrewe verklaring oor getik. Hy het self die tikwerk gedoen en 'n tikmasjien was vir die doel aan hom beskikbaar gestel. Dr. Aggett was toe ook nie verder ondervrae nie maar het die hele tyd gebruik om sy verklaring oor te tik.

Op 82-01-05 om 08h06 was Dr. Aggett weer uit die selle geneem en ongeveer 15h00 teruggeplaas.

Geen ondervraging het plaasgevind. Dr. Aggett was toegelaat om aan sy getikte verklaring te werk.

Ek is bewus daarvan dat Dr. Aggett sy verklaring klaar getik het op Vrydag 1982-01-08. Ek was egter nie teenwoordig nie.

Op 81-01-11 was Dr. Aggett weer na die Veiligheidskantoor gebring om al die persone en organisasies wat hy in sy verklaring genoem het self op indeks te plaas.

Hy was uitgeneem om 08h18 en terug geplaas om 13h50.

Op 82-01-20 was hy weer om 10h22 uit die selle geneem en terug geplaas om 11h38.

what ?? head or answer?

Die dag was Dr. Aggett na die Veiligheidskantore geneem om sekere punte wat onduidelik was op te klaar.

Op 82-01-25 is Dr. Aggett om 08h59 uit die selle gehaal en teruggeplaas om 14h50.

?

Die betrokke dag het ek aan Dr. Aggett uitgewys dat daar sekere leemtes in sy verklaring is waaroor ek meer helderheid wou hê. Hy het homself ook leemtes in sy verklaring opgemerk waarop hy verder uitgebrei het.

Op 82-01-26 is Dr. Aggett weer om 08h25 uit die selle geneem vir die doel om die gebreke en leemtes wat die vorige dag onder bespreking

.../4

was, skriftelik op te klaar.
Hy is weer om 15h43 in die selle terug geplaas.

Op 82-01-27 om 08h21 is Dr. Aggett weer uit die selle geneem om verder aan sy verklaring te werk.

Dr. Aggett was weer nie ondervrae nie maar hy het die hele tyd aan sy verklaring gewerk.

Hy is terug geplaas in selle om 15h25.
Op 82-01-28 het hy weer vanaf 08h25 tot 14h41 aan sy verklaring gewerk. Op die dag het hy die bykomende inligting in sy verklaring voltooi.

Hierna was die notas weer deur my self en ander lede van die ondervragings span deeglik studeer. Ons het tot die gevolgtrekking gekom dat Dr. Aggett ons nie die volle besonderhede van sy bedrywighede in die betrokke organisasies verskaf het nie, dat hy sekere inligting waaroor ons beskik het van ons weerhou het.

Asgevolg hiervan het ons besluit dat Dr. Aggett nou meer intensief ondervrae moet word.
Dieselfde dag om 16h18 was hy weer na die kantore gebring vir verdere ondervraging. Hy is toe deeglik ondervrae tot om 24h00.

Dr. Aggett het nog steeds by sy lessenaar gesit tydens ondervraging en saam met ons tee geniet en gerook. Ek kan onthou dat ek vir Dr. Aggett die betrokke dag uit my eie sak 'n pakkie ertappel skyfies gekoop het.

Ek hetDr. Aggett toegelaat om vanaf 24h00 in die kantoor op 'n kampbedjie te slaap. Terwyl Dr. Aggett geslaap het was ek teenwoordig sowel as Adj.offisier Lucas. Die ligte van die kantoor was afgesit, gewees. Dr. Aggett was rustig op sy bed. Ek kan nie sê of hy ten alle tye geslaap het nie.

Om die kontinuïteit van die ondervraging te behou het ek nie die nodigheid gesien om hom terug na die selle te neem nie en ook omdat daar behoorlik fasiliteite in die kantoor vir hom beskikbaar was om behoorlik te kan rus.

Dr. Aggett was heeltemal normaal en het gewoonweg sy ete genuttig, gerook en tee gedrink. Hy het geen beswaar geopper teen die feit dat hy in die kantoor moet slaap nie.

By tye het ek die kantoor verlaat om te ontspan en om na die toilet te gaan. Vir die tye wat ek nie in die kantoor was nie het adj/off. Lucas by Dr. Aggett gebly.

Dr. Aggett het geslaap tot ongeveer 06h00. Hy het toe uit sy eie wakker geword. Dr. Aggett het nog steeds normaal voorgekom en het nog steeds geen klagtes gehad nie.

Dr. Aggett het aan my gesê dat hy dit geniet het om by ons te wees en te slaap, dat hy tenminste geselskap gehad het in plaas van alleen in die sel te wees.

Hy het ook gemeld dat die slapery op die kampbedjie hom laat terug dink het aan die tyd toe hy 'n Dokter in Umtata was en hy dikwels in kantore op stoele en hospitaalbeddens moes slaap.

.../5

cf. [illegible] book p. 127

Op 82-01-29 om 08h00 het ek my skof voltooi en van diens gegaan. Dieselfde datum om 14h00 het ek weer opdiens gekom.

Nadat ek my self tevrede gestel het dat Dr. Aggett nog nie al die verlangde inligting verstrek het nie, het ek besluit om hom verder te ondervrae.

Die prosedure wat toe gevolg was, was asvolg. Ons het mondelings vrae gestel wat Dr. Aggett mondelings geantwoord het. Hy het steeds by sy tafel gesit en soms notas gemaak van sy antwoorde.

Die ondervraging het voortgegaan tot ongeveer 22h30.

Gedurende die tyd om 22h30 het ek en van die lede vir ons gaan kos koop.
Ek het toe ook weer vir Dr. Aggett kos uit my eie sak gekoop, wat bestaan het uit 'n koeldrank en 'n hamburger. Dieselfde aand voordat ek gaan kos koop het, het ek dr. Agget om 17h30 na die menasie te John Vorsterplein geneem waar hy 'n aandete saam met my op my onkoste genuttig het. Daar was na 22h30 nie voortgegaan met die ondervraging nie. Die gesprekke met Dr. Aggett was gemoedelik en volgens my mening was hy op sy gemak.

Om ongeveer 24h00 was Dr. Aggett weer toegelaat om te slaap. Hy het weer nie beswaar gemaak om in die kantoor te slaap nie. Die ligte was weer afgesit. Dr. Aggett het rustig op die bed gelê. Ek kan nie sê of hy vasgeslaap het nie.

Ongeveer 05h00 het Dr. Aggett weer self wakker geword.
Ek en die ander lede het saam met Dr. Aggett koffie gedrink, hy was toe nie ondervrae nie.

Om 06h00 het ek weer van diens gegaan. Dit was 1981-01-30.

Dieselfde dag om 18h00 het ek weer vir diens rapporteer.

Ek het toe weereens gemerk dat daar nog 'n paar leemtes in sy verklaring is, wat Dr. Aggett moes opklaar. Ek het hom toe weer in verband met die leemtes ondervrae.

Die ondervraging het voortgeduur tot om 23h00. Gedurende hierdie ondervraging het hy aan ons die verlangde inligting verstrek. Ek was tevrede met die inligting en het die ondervraging om 23h00 gestaak.

Ek het toe die vars inligting sowel as die inligting wat reeds tot ons beskikking was deeglik nagegaan. Ek het Dr. Aggett toegelaat om solank op die bed te gaan lê en rus.

Op 82-01-31 was ek klaar met die nagaan van die inligting. Ek het aan Dr. Aggett gesê dat ek tevrede is met sy verklaring en het hom om 03h00 na die selle terug geneem. Hy was nog steeds normaal en het steeds nie gekla nie.

Op 82-02-01 om 08h24 het ek Dr. Aggett weer uit die selle laat haal. Hy het toe begin om sy vorige verklaring en sy notas in een verklaring te verwerk. Hy was weer nie ondervrae nie maar toegelaat om op sy eie tyd en handskrif die volledige verklaring op te stel. Hy is om 15h30 na die selle terug geneem.

148

Op 82-02-02 om 08h17 is Dr. Aggett weer uit die selle geneem en was hy toegelaat om voort te gaan met die opstel van sy verklaring.

Terwyl hy geskryf het, het adj.off. De Bruin die dele van sy verklaring wat klaar was oor getik.
Dieselfde dag om 15h41 is hy terug geplaas na sy sel.

Op 82-02-03 om 08h20 was Dr. Aggett weer na my kantoor gebring om voort te gaan met die skryf van sy verklaring. Hy was terug geplaas in die sel om 11h30.

Op 82-02-04 tussen 08h37 en 15h49 was hy weer uit die selle geneem om verder aan sy verklaring te skryf.
Op 82-02-05 ongeveer 03h00 was ek verwittig dat Dr. Aggett homself in die polisieselle opgehang het.

Toe Dr. Aggett op 82-02-04 deur my ondervrae was, was hy heeltemal normaal daar was absoluut geen aanduiding dat hy ongesteld was oor enige iets nie.

By hierdie tyd het ek Dr. Aggett so goed geken dat indien hy enige abnormaliteit of afwykens sou toon, sou ek dit opgemerk het.

Tydens Dr. Aggett se ondervragings het hy dikwels laat blyk dat hy nooit sy marxistise idees sal laat vaar nie en dat hy altyd die ANC goedgesind sal wees, maar dat dit volgens sy mening nie die moeite werd is nie. Dat hy verkies om terug te gaan na sy beroep as 'n mediese dokter. Hy het ook sy verligting te kenne gegee dat dit nou oor is en dat hy kan terug gaan na sy beroep.

Tydens Dr. Aggett se aanhouding en sy ondervraging deur my het ek nooit enige dwang op hom uitgeoefen om 'n verklaring te maak nie, daar was ook geen beloftes aanhom gemaak nie.

Daar was nooit deur myself of ander lede enige aanrandings van watter aard ook al op Dr. Aggett gepleeg nie.

Die verklaring wat Dr. Aggett afgelê het was deur homself geskryf, asgevolg van vrae wat aan hom gestel was. Die antwoorde wat Dr. Aggett verstrek het was sy eie antwoorde.

Ek ken en verstaan die inhoud van hierdie verklaring.
Ek het geen beswaar teen die aflê van die eed nie.
Ek beskou die eed as bindend op my gewete.

JOHANNESBURG
1981.02.19.

..................................

Bostaande verklaring deur my geneem.

..................................KCI.

**Collection Number: AK2216**

**AGGETT, Dr Neil, Inquest, 1982**


## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**



## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection deposited at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand.